

- Die **Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting** verseker dat jou reg tot toegang tot inligting van die Staat en privaat maatskappye beskerm word.
- **Diensleweringsooreenkomste tussen** besighede en die Staat moet op munisipale webwerwe verskaf word.
- Jy kan ook 'n klagte aanhangig maak by die **Nasionale Kredietreguleerder** (0860 627 627), die **Openbare Beskermer** (0800 11 20 40) of by die **SAMRK** indien jy korrupsie vermoed.

## Die rol van die SAMRK

Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK) is 'n onafhanklike liggaam wat deur die Grondwet ingestel is om die verkryging van menseregte in ons land te **monitor**, te **beskerm** en te **bevorder**.

Suid-Afrika het een van die hoogste koerse van armoede en ongelykheid. 'n Beraamde 16 miljoen arm mense het nie toegang tot behoorlike sanitasie, en 3.5 miljoen arm mense het nie toegang tot water nie.

Die SAMRK het baie klagtes oor water en sanitasie ontvang. Ons eis dat die staat verantwoordelikheid neem om hierdie regte 'n werklikheid te maak, en sal aanhou om hulle reaksies te monitor.

Die mense gee die Staat sy mag, dus moet die Staat die mense dien. Mense met mag moet luister na die armes en oplossings ontwikkel wat sal werk.

Hoewel die SAMRK beperkte vermoëns en hulpbronne het, kan dit met ander Instellings wat volgens Hoofstuk 9 van die Grondwet gestig is en NRO's saamwerk om gemeenskappe by te staan en te verseker dat die Staat die nodige dienste lewer.

**Die visie van die SAMRK is om die samelewing te transformeer, hul regte te verseker en hul waardigheid te herstel!**

Benewens die SAMRK is daar baie organisasies wat jou kan help. Sommige van hierdie organisasies het 'n gids met die titel **'Maak plaaslike regering werk: 'n Aktivis se gids'** saamgestel wat gratis oor die internet en by die SAMRK se provinsiale kantore beskikbaar is.

## KONTAK ONS

**Webwerf:** [www.sahrc.org.za](http://www.sahrc.org.za)  
**E-pos:** [info@sahrc.org.za](mailto:info@sahrc.org.za)

### Hoofkantoor

Forum 3, Braampark Office Park, Braamfontein, JOHANNESBURG  
☎ (011) 877 3600 Faks: (011) 403 0684

### Oos-Kaap

4de Vlak, Oxford House, Oxfordstraat 86-88, OOS-LONDEN  
☎ (043) 722 7828 • Faks: (043) 722 7830

### Vrystaat

Burgerstraat-Oos, 1ste Vlak TAB-gebou, BLOEMFONTEIN  
☎ (051) 447 1133 • Faks: (051) 447 1128

### Gauteng

2de Vlak, Forum 3, Braampark Office Park, 33 Hoofdstraat, Braamfontein, JOHANNESBURG  
☎ (011) 877 3750 • Faks: (011) 403 0668

### KwaZulu-Natal

Eerste Vlak, Margaret Mncadistraat 136, DURBAN  
☎ (031) 304 7323/4/5 • Faks: (031) 304 7323

### Limpopo

1ste Vlak, Kantoor 102, Biblioteektuinplein, Hoek van Schoeman- en Groblerstraat, POLOKWANE  
☎ (015) 291 3500 • Faks: (015) 291 3505

### Mpumalanga

4de Vlak Carltext-gebou, Bellstraat 32, NELSPRUIT  
☎ (013) 752 8292 • Faks: (013) 752 6890

### Noord-Kaap

Mark- en Scottstraat, Ancorley-gebou, UPINGTON  
☎ (054) 332 3993/4 • Faks: (054) 332 7750

### Noordwes

170 Klopperstraat, RUSTENBURG  
☎ (014) 592 0694 • Faks: (014) 594 1089

### Wes-Kaap

7de Vlak, ABSA-gebou, Adderleystraat 32, KAAPSTAD  
☎ (021) 426 2277 • Faks: (021) 426 2875

**AFRIKAANS**



## Die Reg tot Water en Sanitasie

*Water is lewe, sanitasie is waardigheid*

**SAMRK-gids oor jou reg tot water en sanitasie**



**Leerders protesteer oor gebrek aan toilette (Sowetan, 11 Mei 2012)**

## Jou Reg tot Water en Sanitasie

Die Grondwet van Suid-Afrika verklaar: "Elkeen het die reg tot genoeg kos en water".

Die Wet op Waterdienste sê:

- Elkeen het die reg tot toegang tot basiese watervoorsiening en sanitasie.
- Elke instansie wat waterdienste lewer moet stappe neem om hierdie regte 'n werklikheid te maak.
- Elke munisipaliteit moet in sy Waterdienste-ontwikkelingsplan beplan om hierdie regte 'n werklikheid te maak.
- Hierdie reg word ook deur die Verenigde Nasies se Menseregteraad erken.

## Wie is verantwoordelik vir die aflewering van water & sanitasie?

DIE STAAT:

- Die nasionale regering moet waterbronne bestuur.
- Munisipaliteite is verantwoordelik vir die lewering van water- en sanitasiedienste. Hulle moet planne vir aflewering optrek.
- Ons wet erken dat die regering nie ONMIDDELLIK hierdie dienste aan elkeen moet voorsien nie,
- Maar, hulle moet 'n duidelike PLAN met tydraamwerke en begrotings hê om hierdie dienste te voorsien en om toegang daartoe te verhoog.
- Die Staat moet dit doen sonder om ander basiese regte in te boet.

Baie munisipaliteite betrek privaat maatskappye om die dienste te voorsien. **Diensleweringsooreenkomste** is kontrakte tussen maatskappye en munisipaliteite wat aandui watter dienste hulle veronderstel is om te lewer. Die munisipaliteit is steeds verantwoordelik vir hierdie dienste en moet hierdie maatskappye daarvoor aanspreeklik hou. Kontrakte moet ook beskikbaar wees vir die publiek ter inligting.

Die regering moet die volgende **basiese water- en sanitasiedienste** voorsien:

- Ten minste 6000 liter per huishouding per maand
- Teen 'n vloeiempo van nie minder nie as 10 liter per minuut
- Binne 200 meter van 'n erf
- Geen verbruiker kan sonder water vir meer as 7 dae per jaar wees nie
- 'n Toilet of gemakhuisie oor 'n put wat veilig, betroubaar, omgewingsvriendelik is, maklik om skoon te hou, wat privaatheid en beskerming teen die weer bied, wat goed geventileer is, wat reuke tot die minimum beperk en voorkom dat vlieë en ander siektedraende peste daarin kan kom.

Die regering moet ook **opvoeding** oor watergebruik, basiese gesondheid en higiëne verskaf.

### JOU VERANTWOORDELIKHEID:

- Landsburgers moet die regering en hul kontrakteurs aanspreeklik hou.
- Water is 'n skaars hulpbron en moet bewaar word.

Jy is verantwoordelik om water te bewaar, maak dus seker dat jy water spaarsamig en slim gebruik.

**Plaaslike regering moet besighede aanspreeklik hou vir die dienste wat hulle lewer en landsburgers moet op hul beurt die regering aanspreeklik hou. Groot maatskappye gebruik meer water maar betaal laer tariewe, en betaal die selde vir die besoedeling wat hulle veroorsaak.**

### Jou Gratis Basiese Dienste

Suid-Afrika het 'n beleid oor gratis basiese dienste (die behoeftigheidsbeleid) wat water, elektrisiteit en vasteafvalverwydering insluit.

- Elke huishouding behoort die eerste 6000 liter water per maand gratis te ontvang. Enige water hoër as hierdie hoeveelheid behoort voor betaal te word. Water word gehief teen 'n stygende tarief wat beteken hoe meer jy gebruik, hoe meer sal dit kos.
- Verskillende munisipaliteite het verskillende beleide vir die voorsiening van gratis water en sanitasie. Jy mag hierdie dienste outomaties kry, of jy moet dalk hiervoor registreer.

### VRA JOU MUNISIPALITEIT WAT HULLE BELEID IS

#### Wat gebeur as jy nie vir jou dienste betaal nie?

Volgens wet kan jou water afgesny of beperk word as jy nie vir jou dienste betaal nie **MAAR** dit kan nie net sommer afgesny word nie. Die munisipaliteit moet jou eers skriftelik in kennis stel dat hulle van voorneme is om jou water af te sny. Jy het die reg om teen hulle besluit te protesteer.

### Ons internasionale verpligtinge

- Is voldoende en onafgebroke water **BESKIKBAAR**? Is daar genoeg sanitasiefasiliteite? Is die wagtye redelik?
- Is die watergehalte **VEILIG** vir gebruik? Is sanitasiefasiliteite higiënies en **VEILIG** om te gebruik?
- Is fasiliteite kultureel **AANVAARBAAR**? Word daar vir geslags geslags spesifieke geriewe voorsiening gemaak? Word privaatheid en waardigheid verseker? Is hierdie dienste **TOEGANKLIK** vir almal?
- Is die prys van water- en sanitasiedienste **BEKOSTIGBAAR** sodat dit nie jou vermoë teëwerk om vir noodsaaklikhede te betaal nie?

## Waarom toegang tot water en sanitasie belangrik is vir ons waardigheid

**Elke reg in ons grondwet is gelyk. Die regte is interafhanklik. Byvoorbeeld, sonder water is dit moeilik om skool te gaan en 'n opvoeding te kry.**

Alle menseregte is ineengestremel en interafhanklik. Die reg tot water en sanitasie is verbind aan die reg tot lewe, waardigheid, gesondheid, huisvesting, kos, opvoeding, sosiale sekerheid, geslags gelykheid en die verbod op diskriminasie. 'n Gebrek aan toegang tot water en sanitasie het baie negatiewe gevolge. Byvoorbeeld:

- Voorkombare siektes soos diarree en cholera word versprei.
- Kinders, veral meisies, is geneig om die skool te verlaat as daar geen toiletfasiliteite is nie.
- Daar is 'n verhoogde aanvraag na hospitale en klinieke.
- Mense bly van die werk weg en is nie produktief nie.
- Vroue is bang om snags toilet toe te gaan uit vrees vir geweld.



### Hoe kan ek hulp kry?

- Jy het 'n reg tot gratis dienste EN jy het die reg om te weet hoekom jy nie behoorlike dienste kry nie.
- Jy moet jou munisipaliteit, die wyksraadslid of gemeenskapsontwikkelingswerker vertel as jy probleme ondervind.
- Die SAMRK en ander instellings wat volgens hoofstuk 9 van die Grondwet gestig is, en NRO's kan jou help om die inligting te kry wat jy benodig. Besoek ons webwerf by [www.sahrc.org.za](http://www.sahrc.org.za)